

## **VERSLAG: SINODALE TAAKSPAN VIR AKTUELE EN LEERSTELLIGE SAKE (STALS) GRONDHERVORMING IN SUID-AFRIKA (Artikel 25)**

### **1. Grondbesit in Suid-Afrika**

’n Kort geskiedenis van grondbesit in Suid-Afrika.

Die Koi en die San was nie grondbesitters nie - die grense van hulle grondgebruik het na gelang van hulle behoeftes verskuif<sup>1</sup>. Elke nuwe besette grondgebied het, volgens hulle, aan hulle behoort.

Grond is in die binneland op drie maniere deur blankes bekom: deur die besetting van onbewoonde grond, deur oorlogvoering waarna grond met geweld besit is en deur die sluiting van verdrae en ooreenkomste wat met die plaaslike bevolking onderhandel is. Hulle het ’n sosiale kommunale grondgebruikstelsel benut waar die grond aan die koning behoort het en sy onderdane die grond kon bewoon en bewerk.

Voor 1814 het alle grond aan die Staat behoort. Na 1814 het die stelsel van grondbesit van leningsplase na eiendomsplase verander (Nel 2014:13). Waar grond voorheen kosteloos van die staat verkry is, het dit na 1814 ’n duur artikel geword.

Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, het 7% van die landbougrond aan die swart bevolking, wat 67% van die bevolking getel het, behoort. Suid-Afrika is deur die volgende jare se regerings as ’n “witmensland” beskou waar grondbesit vir swartmense tot sekere gereserveerde areas in landelike gebiede beperk was (Nel 2014:23).

Die Naturelle Grondwet (Wet 27 van 1913) het die verdeling van grond op nasionale vlak gekonsolideer en statutêre erkenning aan die beginsel van territoriale segregasie gegee. Sewe persent van die Unie se grondoppervlakte is as grondgebied vir swartmense gereserveer. Die wet het swart volke in staat gestel om hulle eie afsonderlike sosio-ekonomiese en politieke stelsels in reservate te bedryf, terwyl blankes die gebruik vir die res van Suid-Afrika verkry het (Nel 2014:24).

Gedurende die tydperk tussen 1948 en 1961 het die regering se beleid gelei tot rasseseiking. Onafhanklike gebiede is vir swartmense voorsien en sommige swart mense is van hulle grond af gedwing en na verafgeleë gebiede verskuif, wat nie ekonomies bevorderlik was nie. Hulle is die reg ontsê om grond in blanke gebiede te besit.

Tydens die Konferensie vir ’n Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa), is belangrike besluite rakende grondbesit geneem. Blankes is belowe dat hulle eiendomsreg nie onvoorwaardelik bevraagteken of onteien sou word nie. Grondeisers sou net kon aanspraak maak op grond wat na 1913 op grond van diskriminerende wette of deur die optrede van die regering verloor is. Grond wat voor 1913 deur koloniale onteiening verloor is, is nie ingesluit in die moontlikheid van oordrag van grond aan die oorspronklike eienaars nie.

’n Witskrif van 1997 het drie doelwitte geïdentifiseer vir ’n grondhervormingsprogram (Nel 2014:34).

---

<sup>1</sup> Nel (2014:12) in Nel, A 2014. Gelowiges en grond in Suid-Afrika. M.Div - verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

- *Restitusie*: Grond wat op gedwonge wyse verkry is, moes aan spesifieke individue of groepe teruggegee word, of hulle moes ander grond verkry, of geldelik daarvoor gekompenseer word.
- Die *herverdeling* van grond: Dit was gemik daarop om aan groepe wat voorheen daarvan uitgesluit was, toegang tot grond te verleen.
- *Hervorming* van die bestaande stelsel van grondbesit, wat voorsiening maak vir onder meer 'n kommunale grondbesitstelsel in 'n oorkoepelende nuwe regsgeldige stelsel.

Die regering se visie dat 30 % van die landbougrond teen 2014 in Suid-Afrika herverdeel moes word, het tot op hede nie geslaag nie. In 2014 het die Minister van Landbou voorgestel dat boere dit moet oorweeg om 40% van die waarde van hulle grond aan swartaandeelhouders af te staan. Tans word daar gesprek gevoer oor die skraping van Artikel 25 van die Grondwet, wat die onteiening van grond sonder vergoeding moontlik maak.

## **2. Beoordeling vanuit 'n teologies-etiese perspektief**

### **2.1 Inleiding**

Wanneer ons teologies oor die saak van grondhervorming en onteiening sonder vergoeding dink, is God se werksaamheid in die wêreld en die mens se gelowige reaksie daarop ter sprake.

- Gaan mens na die Bybel, sien ons dat die bedoeling van God se handeling in die wêreld nie direk uit dit wat gebeur, afgelei kan word nie. Ons kan byvoorbeeld nie sommer sê dat die onteiening van grond sonder vergoeding God se wil is nie. Hierdie saak is ingebed binne God se groter verhaal met die wêreld. Dit is 'n moment in God se groter verhaal met ons in Suid-Afrika.
- Dit is verder uit die Bybel duidelik dat God se handeling meestal retrospektief (terugskouend) verstaanbaar is. Wanneer daar in geloof teruggekyk word (na wat gebeur het), kry ons 'n Bybelse beskrywing van dit wat gebeur het. Die val van Jerusalem kan byvoorbeeld op een vlak aan die militêre oormag van Babel toegeskryf word, terwyl 'n mens God se hand ook terugskouend daarin sien en is Babel as 'n voertuig gebruik om Israel te straf.

Die herverdeling van grond word hier binne die groter skema van God se handeling in die wêreld verstaan<sup>2</sup>. God se aktiwiteite in die wêreld vorm 'n eenheid. tog word hier ter wille van groter duidelikheid tussen God se voorsienige en sy verlossende handeling, onderskei. Die grondhervormingsprogram word binne die perspektief van God se voorsienige handeling geplaas.

In die teologiese antwoord waarna ons soek, is die mens se reaksie op God se handeling in die wêreld ook ter sprake.

- Geloof is 'n manier van kyk, 'n lens waardeur mens na die wêreld kyk en God se werksaamhede raaksien en verstaan<sup>3</sup>. Die gelowige manier van kyk gee vir 'n mens 'n besondere vorm van kennis, 'n geloofsblik op 'n bepaalde saak.

---

<sup>2</sup> Van Wyk, JA 1988. 'n Christelike Etiek van Arbeid. NGKB Transvaal

<sup>3</sup> Conradie, EM 2010. Lewend en kragtig. In gesprek oor God se Handeling in die wêreld. Wellington: Bybel-Media.

- In die geloof soek 'n mens na 'n manier waarop jy kan deelneem aan God se aktiwiteite in die wêreld. Dit strewe daarna om God se karakter en sy manier van doen in jou optrede te reflekteer.
- Geloof laat 'n mens ook verstaan dat jy nie kan aanspraak maak op God se bewaring as jy nie jou verantwoordelikheid nakom om in die gees van Christus op te tree nie.

'n Mens kan die betekenis van ons aardse lewe slegs verstaan wanneer jy diep in jou hart glo en bely dat die oorsprong, bestaan en toekoms van die skepping, in God se hand is. Die aarde is nie in die eerste plek geskape om die mens se behoeftes te bevredig nie. Dit is 'n spesiale ruimte waar die mens God kan ontmoet om saam met die hele skepping lof en eer aan God te bring.

## **2.2 God se betrokkenheid by die wêreld**

God se algemene genade beskryf die wyse waarop Hy sy skepping in stand hou, die mag van die sonde betuel om die aarde se lewe moontlik te maak en 'n "aanknopingspunt" bied vir die evangelieverkondiging<sup>4</sup>. Dit is nie iets selfstandigs naas sy besondere werk nie. Dit is net soos sy besondere genade 'n uitvloeisel is van die heilswerk van Christus. Die kosmiese werk van die Heilige Gees rus ook in die kruis en opstanding van Christus.

Van Wyk (1988:60), maak 'n onderskeid tussen God se algemene werk van bewaring en versorging waardeur Hy die lewe beskerm en in stand hou en sy besondere werke waardeur Hy sy heerskappy handhaaf, sy oordele voltrek en die mag van nietigheid in die skepping as nietigheid openbaar in sy besondere werk. Hy sê tereg dat al God se handeling op die heil en voleinding van die wêreld aangelê is en die kenmerke van sy oordeel en vernuwing dra. Sy algemene werk dra kenmerke van oordeel en vernuwing, soos sy besondere werke kenmerke van bewaring en onderhouding dra. In sy besondere werk is die aspekte van oordeel en vernuwing egter meer gekonsentreerd. Sy algemene werke is verder die raam waarbinne sy besondere werk plaasvind.

### **2.2.1 God se sorgende aktiwiteit**

God wil vir ons sorg soos 'n aardse vader dit veronderstel is om te doen. Sy sorg strek wyer as wat ons dikwels vermoed. Hy sorg vir ons individuele behoeftes, maar ook vir die verhoudinge waarin ons ingebed is. 'n Huweliksverhouding, ouer-kindverhouding, onderwyser-leerlingverhouding en regering-onderdaanverhouding, is 'n paar van die belangrikste verhoudings waarin ons staan (König 1983:95) en waarbinne Hy vir ons sorg.

Hierdie verhoudings neem vaste vorme aan. Elke persoon kan nie sommer besluit waar hy wil woon nie. Daar is 'n struktuur, 'n wet wat grondgebruik reël en wat riglyne gee hóé en waar mense mag woon en werk. Dit is nodig vir 'n gesonde samelewing. Die Bybel gee algemene riglyne hoe daar binne elke verhouding gehandel moet word. Dit is egter die regering van 'n land se verantwoordelikheid om spesifieke wette te formuleer sodat God se liefdeswil vir byvoorbeeld grondbesit, na vore kan kom.

---

<sup>4</sup> Jonker, WD 1981. Die Gees van Christus. Pretoria: NGKB.

God skakel dus die mens in, in die manier waarop Hy 'n infrastruktuur vir ons skep waarin ons 'n rustige en voorspoedige lewe kan voer. God se algemene genade kom navore dat Hy die mens betrek in die manier waarop Hy die wêreld regeer.

### **2.2.2 God se bewarende aktiwiteit**

God maak ook van strukture soos wetgewing gebruik om die mag van die sonde in die wêreld te beteuel en om die lewe op aarde moontlik te maak.

Doen 'n mens 'n studie oor grondbesit in Suid-Afrika, kom jy gou agter dat die reg tot toegang tot grondbesit deur die wetgewing skeefgetrek is. Sedert 1913 was grondbesit nooit bloot 'n landbou en ekonomiese entiteit nie. Sedert 1913 is swartmense die reg ontsê om grond van hulle keuse aan te skaf. Met die groepsgebiede-wet (1950), is gekleurde mense van hulle grond gedwing en na verafgeleë plekke verskuif waar dit moeilik is om 'n ekonomiese bestaan te voer. Hierdie wetgewing het 'n bopersoonlike mag geword en 'n lewe op sy eie gekry en die lewens van baie mense ontwig<sup>5</sup>.

Die wetgewing is op die oppervlakte gedryf deur 'n politieke ideologie en deur die sondige menslike harte van mense wat in selfsug regte vir hulleself opgeëis het, wat hulle nie aan ander gegun het nie. Die gevolge van die wetgewing was katastrofies vir mense en gemeenskappe. Swart en bruin mense is van hulle geboortegrond vervreem, gemeenskappe is opgebreek en die verskuiwing van mense na afgeleë gebiede wat ekonomies nie sin maak het nie, het tot groot armoede aanleiding gegee.

Die mens kan dus sy vryheid om aan God se liefdeswil deel te neem misbruik, deur homself ten koste van ander te bevoordeel. Die wette op grondgebied in 1910 en 1950 is so ingerig dat blankes ten koste van ander bevolkingsgroepe bevoordeel is. Hieruit is dit duidelik dat alle strukture waarin 'n mens leef, aan die invloed van sonde blootgestel is (König 1983:97). Die wetgewing van 1913 en 1950 was nie bevorderlik om ruimte te bied dat God se liefde na alle mense kon vloei nie. Hierdie wette was wesentlik sondig. Dit is in die struktuur (wetgewing) waardeur God vir ons wou sorg, geïnkarneer. Sonde is dus nie slegs tot die mens se hart beperk nie - dit vloei uit sy hart deur sy mond en hande in die wêreld in (König 1983:98). Juis omdat wetgewing (strukture) deur sondige mensehande gevorm word, het sonde ook 'n invloed op die wyse waarop wetgewing die samelewing reël.

Dit het blankes en gekleurdes struktureel verdeel, sodat swart en wit grondgebiede langs mekaar tot stand gekom het en duidelik teenoor mekaar afgegrens is. Die spontane omgang tussen mense is verhoed, terwyl dit ook nie bevorderlik vir ons liefdesdiens aan mekaar was nie. Hierdie struktuur (wetgewing) het dit nie moontlik gemaak vir gekleurde mense om in Suid-Afrika te floreer nie. Dit het die lewe van sulke mense eerder verlam, onderdruk of vernietig<sup>6</sup>. Sonde het gemaak dat die voorreg wat die mens gehad het om by God se regering van die wêreld in te skakel, 'n vloek vir baie ander mense geword het. Dit het selfs mense van God vervreem toe daar aan die wetgewing Goddelike status toegeken is en dit deur sekere kringe beskou is as iets wat deur God gewil is.

---

<sup>5</sup> Bosch DJ. Heil vir die wêreld. Pretoria: NGKB.

<sup>6</sup> Nurnberger, K 1975. Sistematiese Teologie. Genadendal: Moraviese Boekdepot.

Wette op grondgebied is egter nie op sigself sondig nie. Dit is een van die maniere waar God die wêreld regeer en vir ons op 'n wyer manier sorg. Kortliks kan gesê word dat die regering van die dag hulle vryheid om 'n veilige ruimte vir al die inwoners van Suid-Afrika te skep, verkeerd verstaan het en hulle mag in die proses misbruik het deurdat sekere mense bô ander bevoordeel is. Die invloed van 'n politieke ideologie en die sondigheid van die menslike hart kan nie onderskat word nie. Wanneer dit teen God se liefde indruis, kry dit 'n sondige karakter<sup>7</sup>. As 'n struktuur (wetgewing) nie aan God se liefdeswil beantwoord nie, moet dit bevraagteken word (Bosch 1979:212) en het dit sy bestaansreg voor God verbeur: Die Ou wette oor grondbesit moes afgeskaf word om by God se wil aan te pas.

#### **2.2.4 God se vernuwende werk**

God werk daar waar lyding aanwesig is, veral waar lyding deur kwaad veroorsaak is. Die merkwaardige boodskap van die Christelike Evangelie gaan daaroor dat die kwaad by wyse van die kruis uit die weg geruim is. Aan die kruis word God die slagoffer van lyding en word die kwaad omgebuig as paradigma van sy verlossingswerk in die wêreld. Hy is op 'n verborge wyse in die lyding van die mens aanwesig. Hy verberg die kragtige werking om gesond en heel te maak in die swakheid en magteloosheid van sy weerlose liefde aan die kruis. Die heil wat Hy bewerk, vind in die wêreld plaas ten spyte van dit wat in die wêreld gebeur en is slegs sigbaar vir dié wat met oë van geloof dit raaksien.

Sy handeling moet gesoek word waar die kwaad ontmasker, omgebuig en oorwin word. Wanneer die reg verdraai word, wil God dit regstel. Bese wetgewing kon nooit God se Almag bedreig of begrens nie, sy doel met die skepping verongeluk of sy op-weg-wees na die bevryding en verlossing van die aarde onbegaanbaar blokkeer nie.

Die Ned Geref Kerk het haarself alreeds by die Algemene Sinode van 2011 skerp uitgespreek vir restorasie, versoening, regverdigheid en die reg en waardigheid van alle mense. Die kerk het nie alleen gesê dat grondhervorming moet plaasvind nie, maar haar ook uitgespreek oor die manier waarop dit moet geskied.

Argumente teen die herverdeling van grond is dat dit 'n te hoë sosiale en omgewingskoste vra en dat dit in beginsel onwerkbaar is. 'n Teenvraag wat gevra kan word: Is die potensiaal van anargie en bloedvergieting wat kan volg as dit nie aangespreek word nie, nie 'n groter prys wat op die ou end betaal sal word as daar nie aan 'n geregverdigde grondhervormingsprogram aandag gegee word nie?

### ***2.3 Voorstelle vir grondhervorming uit 'n teologies-etiese perspektief***

Daar behoort uit die regering se mislukte grondverdelingsprogram van die afgelope vyf en twintig jaar geleer te word, sodat die foute nie herhaal sal word nie.

#### **2.3.1 Geregtigheid**

---

<sup>7</sup> König, A 1983. Heil en Heilsweg. Pretoria: NGKB.

Geregtigheid is 'n *verhoudingsbegrip*<sup>8</sup>. Dit beteken dat God se verhouding tot sy geskape dinge en wesens altyd standhoudend is. Die geregtigheid waarmee God handel, beteken dat Hy aan alles wat Hy geskep het, 'n plek gee en daardie plek in sy daade erken. Dit bestaan wanneer die mens aan die eise van sy verhouding met God, die wêreld, sy naaste en homself voldoen en daarin reg handel. Mense het nie daarin geslaag om geregtigheid te bewaar nie en hulle in selfsug van God, hulle medemens en van die natuur losgemaak. Slegs in navolging van God kan mense regverdig handel, in diensbaarheid, in gerigtheid op doelstellings buite hulself om "soos God" te probeer handel. In die huidige wêreld (Suid-Afrika), is dit nie moontlik om hierdie geregtigheid ten volle te verwerklik nie. Dit moet gelowiges motiveer om onder alle omstandighede na 'n relatiewe geregtigheid - die grootste moontlike geregtigheid - in verhoudings, handelinge en strukture te streef.

Die beginsel van geregtigheid is ter sprake.

Geregtigheid bestaan uit verskillende dimensies. Dit is belangrik dat al die dimensies in gedagte gehou word wanneer ons in die herverdeling van grond na geregtigheid streef. In hierdie studiestuk onderskei ons tussen verskillende vorme van geregtigheid, naamlik geregtigheid wat in die natuur moet bestaan, ekonomiese geregtigheid, deelnemende geregtigheid en die reg tot privaatheid.

### *Natuurlike geregtigheid*

'n Geregtigheid wat in die natuur bestaan, kom tot stand wanneer daar 'n regte verhouding bestaan tussen die mens en sy natuurlike omgewing. Natuurlike ongeregtigheid vind egter plaas wanneer daar nie met die begrensde van grond en natuurlike hulpbronne rekening gehou word nie en natuurlike hulpbronne soos ondergrondse waterbronne vernietig word. Die hartseer is dat grond wat deur biljoene jare gevorm is, in 'n enkele leeuftyd deur die oneffektiewe gebruik daarvan, vernietig kan word. Natuurlike geregtigheid gebeur wanneer natuurlike hulpbronne reg gebruik word sonder om onnodige skade aan die omgewing te veroorsaak.

### *Ekonomiese geregtigheid*

Ekonomiese geregtigheid dui op die strewende dat alle landsburgers die reg sal hê om hulpbronne te bekom en menswaardig in die arbeidsmark behandel te word. Die uitvoering van hierdie ideaal is die afgelope vyf en twintig jaar in Suid-Afrika deur gierigheid, bedrog, korrupsie, omkoperij en nepotisme gekortwiek.

Toegepas op die Suid-Afrikaanse situasie, vra ekonomiese geregtigheid dat die massa bevoordeel word en nie net 'n paar landsburgers wat die regering van die dag geneë is nie. Dit vra ook dat alle landsburgers (selfs die wat nie grond besit nie), persoonlike verantwoordelikheid vir hulle lewens sal aanvaar. Van die kerk vra dit 'n groter sosiale betrokkenheid by die gemeenskap en 'n kleiner oorleef-ingesteldheid vir sy eie voortbestaan.

### *Sosiale geregtigheid*

'n Sosiale geregtigheid is 'n dimensie van geregtigheid wat al die deelnemers in die landbou behoort te ervaar. Hierdie dimensie van geregtigheid kry veral gestalte waar deelnemers in 'n boerdery billik

---

<sup>8</sup> Van Wyk (1988:74)

behandel word deur die nodige hulp en bystand (soos subsidies, lenings, landbouvoorligting ens), van die staat.

### *Die reg tot eiendomsbesit*

Die beskerming van eiendomsbesit is 'n vorm van geregtigheid wat gewaarborg moet word. Die meeste boere het hulle grond deur harde werk en baie moeite bekom. Dié wat grond geërf het, het hard gewerk om dit in 'n moeilike landbouklimaat produktief te benut. Hierdie boere dra nie net by tot Suid-Afrika se verdiening van buitelandse valuta nie, hulle skep ook arbeidsgeleenthede en dra by tot voedselsekuriteit en die instandhouding van die platteland.

By die herverdeling van landbougrond behoort die volgende beginsels gevolg te word:

- 'n Billike prys moet vir landbougrond betaal word, wat in die mark beskikbaar is. Staatsgrond kan verdeel word.
- Onproduktiewe en onbenutte grond kan in die grondhervormingsprogram benut word (dit is 'n vraag of dit regverdigbaar is dat mense groot grond vir hulle gerief en vir finansiële voordele [aftrekking van belasting] kan besit, tot nadeel van ander wat nie oor die finansiële vermoë besit om dit aan te koop nie).
- Voedselsekuriteit is 'n ander belangrike norm wat in die grondhervormingsprogram voorop staan.
- Daarom moet die program strategies goed beplan word. Daar behoort korttermyn, middeltermyn en langtermyn doelwitte geformuleer te word om voedselsekuriteit in die ordelike uitvoering van die plan te verseker.

### **2.2.3.2 Die inskakeling van die mens by realisering van God se verlossingsdade**

Die uniekheid van die uitvoering van God se verlossingsplan is dat Hy die kwaad in die realisering daarvan kan opneem en gebruik. God kan dit indirek teweegbring deur die vrye handelinge van mense, wie se keuses deur God se werksaamhede in die wêreld beïnvloed is. Dit kan gebeur wanneer mense die onreg wat die praktyke van hierdie wetgewing aan mense gedoen het, besef. Ook wanneer hy mense by wyse van liefdevolle oorrading beïnvloed om by grondhervormingsprogramme in te skakel. Wanneer die mens by God se vernuwende werk inskakel, moet sy optrede 'n poging wees om die lotgevalle van mense te verbeter, mense se lyding te verlig en hoop en geregtigheid op aarde teweeg te bring. Die moderatuur spreek sy bewondering en waardering uit teenoor boere wat hulle daarvoor beywer dat reg en geregtigheid op die terrein van grondbesit sal geskied.

Kallie Schoeman, 'n boer van Delmas, het by 'n geleentheid Minister N Dlamini-Zuma uitgenooi om Schoemansboerdery se inskakeling by die realisering van God se vernuwingswerk te aanskou. By die geleentheid het hy gesê dat dit vir hulle nie net gaan oor die ekonomiese verbouing van gewasse nie. Hulle wil ook 'n seën wees vir die omgewing waarin hulle boer en welvaart vir die mense van die gebied skep. Hulle beskou hulle ook as 'n instrument deur wie die Here genesingswerk kan bring in 'n terrein waar daar baie onvrede en ongeregtigheid bestaan. Dit is 'n sprekende voorbeeld waar boere God se wil tot geregtigheid vir hulle mense deur hulle gesindhede, dade en die strukture tot stand wil bring en sigbaar maak.

Die reg van 'n boerderygemeenskap se voortbestaan lê in die dienskneggestalte wat hulle gaan inneem om grense oor te steek, om nuwe maniere van saamleef met hulle bure te vind, hulle by boereverenigings in te skakel en hulle te mentor in die rykdom van ervaring wat hulle as produsente opgedoen het. Christenboere neem aan hierdie aksie deel omdat hulle die kosmiese dimensie van God nie uit die oog verloor nie. Hulle begryp dat God se heil nie in aardse mentorskap opgaan nie en dat hulle Sy Koninkryk daardeur op die aarde kan realiseer nie. Tog neem hulle daaraan deel omdat dit deel van God se reddingsaksie is en neem hulle daaraan deel, selfs al lyk dit nie altyd of dit sigbare suksesverhale oplewer nie (Nürnberg 1975:509 laat val). Jong opkomende boere kan ook vir bestaande boere tot seën wees in die nuwe kennis wat hulle in die landbou inbring. Wanneer hulle mekaar se lewenstories ken en op die hart dra, kan hulle mekaar wedersyds ondersteun en verryk.

#### **2.4 Die klimaks van God se verlossingsdade: die nuwe hemel en nuwe aarde**

Die einde van God se weg met die skepping, die mens en die natuur, is geregtigheid. Die vrede van God word deur sy werk aan die lig gebring en in stand gehou. Die beeld van die nuwe Jerusalem in Openbaring 22 - 23 is 'n getuienis van die vervulde geregtigheid van God, maar ook van mense.

Waar ons spartel en spook om antwoorde op die sake te soek, is die nuwe hemel en nuwe aarde God se antwoord op al die vrae. Die belofte van 'n nuwe aarde wat op ons wag, is 'n bewys dat God nie die werke van sy hand laat vaar nie en dat die aarde vir Hom saak maak. Die koms van die nuwe aarde rus nie op wetenskaplike voorspellings nie, maar op die beloftes van God. Dit nooi ons uit om vorentoe te kyk en nie toe te laat dat ons deur ons verlede of hede gedefinieer word nie.

Die verlange om die volheid daarvan te ervaar moet ons nie verlam om die voorlaaste dinge te verag, verwaarloos en te laat staan nie. Die visioen van die nuwe aarde moet ons laat werk asof 'n regverdige grondhervorming in Suid-Afrika haalbaar is en kan wees.

Sondag is die teken dat die nuwe orde reeds in die ou wêreld ingebreek het en dat God met ons oppad is na 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. In die viering daarvan kan die gelowige alreeds iets van die toekoms ervaar. Soos die Israeliete van die beloofde land se vrugte geëet en geniet het, nog voordat hulle die land betree het, kan ons met ons geloofssintuie alreeds 'n voorsmaak van die nuwe aarde kry wanneer ons die vrugte van Christus se verlossingsdade met die mond van ons harte eet. Die vooruitsig op die nuwe aarde help ons ook om sensitief te wees vir onreg en om die bose dinge wat in die huidige wêreld aangaan, raak te sien.

### **3. Opsomming**

Die bepaalde konteks waarin ons ons bevind, dui die aksent wat die getuienis moet aanneem, aan. Ongelykheid en onvrede tussen rassegroepe is deel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Dit is in hierdie konteks waar die Evangelie nie net duidelik moet spreek tot die siel van die hele mens nie, maar ook tot die samelewing waarin ons lewe en woon. Daar is nie 'n enkele manier waarop die kerk van Christus in die wêreld getuig nie.

In dié omstandighede mag die kerk nie 'n meeloper en naprater van die regering wees nie, maar in hulle besondere omstandighede ook nie bang wees om 'n Evangelie te bring aan lidmate wat moontlik daardeur ontstel sal word nie. Jesus waarsku dat Hy konflik tussen mense gaan bring. Lukas leer dat almal nie die boodskap met openheid sal ontvang nie. Voordat mense die boodskap



hoor, moet daar soms eers 'n "heat up" wees voordat mense kan "wake up" (Carvahaes), om die Evangelie te hoor en te aanvaar. In die erediens moet die betekenis en rigting van God se werksaamhede voorop staan, terwyl die relevansie daarvan deur gelowiges deur woord en daad demonstreer moet word.

3.1 Die vraag oor grondbesit moet binne die verband van *God se plan* met die wêreld verstaan word. Die wêreld is gemaak om God se tempel te wees, waarin Hy verheerlik kan word. Die mens is bedoel om 'n priester op hierdie aarde te wees en om lof en eer aan God te bring.

3.2 In die Bybel is daar nie 'n geringskatting van die *aardse dinge* nie. Persoonlike verlossing en redding het alles te doen met die mens se verhouding tot die wêreld. Binne hierdie verhouding herontdek die mens dat hy in God se wêreld is en op God se grond boer. 'n Mens se geestelike lewe verwerklik ook in die wêreld waarin hy bly, maar dit val nie daarmee saam nie. God se volledige verlossing gaan ook nie op in die verkryging van grond nie.

Jesus het gepreek dat die Koninkryk van God met sy koms (ten dele), na die aarde gekom het. Die volheid daarvan sal eers op die nuwe aarde verwesentlik word. Dit moet ons motiveer om tekens van reg en geregtigheid in die samelewing op te rig wat na die nuwe aarde heenwys.

3.3 *Landbou* is een van die sferes waar God se verlossing en bevryding tot uitdrukking moet kom. Dit beteken dat dit nie alleen die plek is waar kos en ander verbruiksmiddele geproduseer word nie, maar ook die gebied waar God se *vrede en geregtigheid* vir alle mense moet geskied.

Die Christen gelowige vereenselwig hom/haarself met wie Christus is en wat Hy besig is om in die wêreld te doen. Hy laat die Heilige Gees deur Hom werk om die nuwe lewe wat hy van God ontvang het, deur sy lewe sigbaar te maak. Konkreet beteken dit dat hy/sy opstaan vir dade van onreg en duidelik te sê of dit nie aanvaarbaar is of nie. So 'n optrede spruit nie uit 'n bepaalde politieke ideologie nie, maar is die resultaat van die Heilige Gees se werking in sy lewe.

Wanneer die kerk betrokke raak by grondonteiening en die herverdeling van grond en by sake wat oor sosiale geregtigheid handel, moet sy dit op 'n kerklike wyse doen wat inlyn is met haar identiteit as gesant van God in die wêreld. Haar groot taak is om die sake wat ter sprake is, teologies te deurlig en leidrade uit die Woord te verskaf waarmee enige probleem aangespreek behoort te word.

3.4 As daar terugskouend na die regering van 1913 en 1950 se wette oor grondbesit gekyk word, blyk dit duidelik dat die praktyk van grondbesit in Suid-Afrika skeefgeloop het en dat dit mense in die proses benadeel en verarm het.

Drie dinge staan in dié verband uit:

- Onreg is aan swart mense gedoen toe hulle grond op 'n onbillike wyse van hulle weggeëm is en hulle na ander gebiede verskuif is wat nie ekonomies lewensvatbaar was nie.
- Die wetgewing van 1913 en 1950 was nie inlyn met God se visie vir die gebruik en benutting van landbougrond nie. Die wetgewing het veroorsaak dat 'n onreg in die samelewing geïnkarnear is, wat baie mense benadeel het.
- In God se onderhoudende werk bewaar Hy die mensdom van 'n totale verval en het Hy in proses van verheldering, dit moontlik gemaak dat daar fyner en dieper na die ou wetgewing oor grondbesit gekyk is en dat die onreg daarvan, aan die lig gekom het.

3.5 Op 'n verborge wyse kan God die (nuwe) grondbesitwetgewing gebruik om sy vernuwende werk in Suid-Afrika te realiseer.

3.6 God se versoeningswerk vra 'n daad van *herstellende geregtigheid* aan vir diegene wat van hulle grondbesit vervreem is. Dade van herstellende geregtigheid moet binne God se verlossende en bewarende werk in die wêreld verstaan word. Dit is nie bloot 'n politieke aktiwiteit nie, maar deel van God se vernuwende werk om tekens van die nuwe aarde in die ou wêreld op te rig. Grond wat van swartmense ontnem is, moet aan hulle teruggegee word.

3.7 'n *Relatiewe eiendomsbesit* kan Bybels verantwoord word. Waar God as die eintlike eienaar van alle grond erken word, kry grondeienaars deur private grondbesit die geleentheid om as rentmeesters op te tree en die grond op die beste wyse te bewerk en te bewaar. Die staat word opgeroep om private grondbesit te beskerm.

3.8 Wanneer boere van hulle grond ontnem word, moet hulle op 'n *billike wyse vergoed* word. Dit is ongevoelig om aan boere wat hulle grond met harde werk verdien het, of deur bloed en sweet bewaar het nadat hulle dit geërf het, te sê dat hulle die grond van swartmense gesteel het.

3.9 Nie elke persoon wat aansoek doen behoort landbougrond te ontvang nie. *Slegs persone* (van enige kultuur) wat die potensiaal het om te boer, behoort daarvoor oorweeg te word.

3.10 Nuwe grondeienaars behoort die *kaart en transport* van die grond wat hulle ontvang het te kry en met behoorlike *landbouvoorligting* bedien te word, sodat die grond op die beste wyse benut sal word.

3.11 Die kerk wil in 'n *konstruktiewe verhouding* met die Staat staan. Die kerk vra dat die Staat nie enige vorm van kritiek as 'n vorm van rassisme sal interpreteer nie.

3.12 Die kerk roep die Staat tot *verantwoordelikheid* op oor die toepassing van sy grondhervormingsprogram:

- Die Staat word gevra om die beleidsverwarring wat in die Departement van Landbou oor die herverdeling van grond bestaan, op te klaar en duidelik uit te spel wat dit behels.
- Die Staat word gemaan dat sy onwilligheid om transportaksies aan boere oor te dra, blyk dat hy in besit van alle grond wil wees. Hierdie optrede kom daarop neer dat boere slegs 'n bruikhuurooreenkoms met die Staat kan sluit, wat dit vir hulle moeilik maak om produksiekrediet te bekom. So word nuut gevestigde boere in onsekerheid oor hulle toekoms gelaat.

3.13 *Mentorskap* aan nuut gevestigde boere bied vir gelowige boere 'n geleentheid om die relevansie van die Evangelie aan hierdie boere te demonstreer. Dit is ook 'n manier om voedselsekerheid in ons land te verseker, geslagte kan in die toekoms daardeur beïnvloed word. Dit is nie altyd maklik om dit aan nuwe boere te verleen nie (veral in gebiede waar boere met hartseer moes toesien dat goeie produserende plase in 'n paar jaar buite produksie geplaas is). Tog moet God se liefde gelowige boere dwing om nie moedeloos te raak om goed te doen nie. Mentorskap sal sy hoogste vorm van dienswerk bereik, wanneer boere sáám met nuut gevestigde boere, vir God Drie-enig aanbid.

3.14 Grondhervorming moet binne 'n rasionele raamwerk plaasvind waar die regsbeginsels op 'n deursigtige wyse toegepas word. Die erkenning van private grondeienaarskap moet deur wetgewing beskerm word.

3.15 By die herverdeling van landbougrond behoort die volgende beginsels gevolg te word:

- 'n Billike prys moet vir landbougrond wat in die mark beskikbaar is, betaal word.
- Staatsgrond kan verdeel word.
- Onproduktiewe en onbenutte grond kan in die grondhervormingsprogram benut word.
- Voedselsekerheid is 'n ander belangrike norm wat in die grondhervormingsprogram voorop staan. Daarom moet die program strategies goed beplan word. Daar behoort korttermyn, middeltermyn en langtermyn doelwitte geformuleer te word om voedselsekureit in die ordelike uitvoering van die plan te verseker.

**Dr Pieter van Heerden**

**Voorsitter: Sinodale Taakspan vir Aktuele en Leerstellige sake (STALS)**

**Januarie 2020**